



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T70(A)(A5)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N1

(11010091)

**5 April 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN STEENWERKTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Skryf netjies en leesbaar.
-

VRAAG 1

- 1.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Loodregte voeë	A	spoumuur
1.1.2	Proses van afwerking deur middel van voegstrykers	B	vogweerlaag
1.1.3	Mengsel van klip, sand sement en water	C	reihout
1.1.4	Trappe gelaat in onvoltooide steenwerk	D	sandlose beton
1.1.5	Horisontale voeë	E	blokborsel
1.1.6	Swart plastiek gebruik om te voorkom dat vogtigheid die mure binnedring	F	voegstryking
1.1.7	Gebruik vir die afvlakking van beton en pleister	G	beton
1.1.8	Gemaak van klip, sement en water	H	bindklip
1.1.9	Natmaak van die mure voor pleistering	I	trumessel
1.1.10	Muur bestaande uit twee aparte mure met 'n opening tussen hulle	J	strykvoeë

(10 × 1) (10)

- 1.2 Noem SES gereedskapstukke wat vir uitsitwerk gebruik kan word. (6)

- 1.3 Noem die gebruike van elkeen van die volgende stukke gereedskap:

1.3.1 Kamhamer ('Comb hammer')

1.3.2 Houtvryfplank ('Wooden float')

(2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 2

- 2.1 Verduidelik elkeen van die volgende terme:
- 2.1.1 Pleistering
 - 2.1.2 Beraping
- (2 × 3) (6)
- 2.2 Noem DRIE materiale wat in pleisterwerk gebruik word. (3)
- 2.3 Noem VYF tipes berapingsdefekte. (5)
- 2.4 Noem DRIE tipes pleister. (3)
- 2.5 Definieer die term *beton*. (3)
- [20]**

VRAAG 3

- 3.1 Teken die vooraansig van 'n muur, VYF steenlengtes lank en VYF lae hoog, om elkeen van die volgende verbande te illustreer:
- 3.1.1 Strykverband
 - 3.1.2 Engelse verband
 - 3.1.3 Vlaamse verband
- (3 × 4) (12)
- 3.2 Noem VIER plekke waar kontrolelasse geplaas moet word. (4)
- 3.3 Noem DRIE algemene metodes wat gebruik kan word om nuwe steenwerk aan ou bestaande steenwerk te las. (3)
- 3.4 Simon sny'n steen wat 220 mm lank is, 75 mm hoog is en 55 mm breed is om in 'n muur gebruik te word.
- Noem die tipe steen wat Simon gesny het. (1)
- [20]**

VRAAG 4

- 4.1 Noem VYF tipes voegwerk. (5)
- 4.2 Onderskei tussen trumessel en vertanding. (2 + 2) (4)
- 4.3 Definieer elkeen van die volgende terme:
- 4.3.1 Natuurlike bousteen (3)
- 4.3.2 Blokbinding (3)
- 4.3.3 Gradering van sand (3)
- 4.3.4 Voorafgegiete beton (2)
- [20]**

VRAAG 5

Teken op 'n skaal van ongeveer 1 : 10, die wisselplanlaag van 'n eensteen T-aansluiting in Vlaamse verband. [20]

TOTAAL: 100